BEELD
Tuesday, 29 June 2010, p. 4

Dekaan sal teregstellings ondersoek

Prof. Christof Heyns, dekaan van die Universiteit van Pretoria se regsfakulteit, is in 'n internasionale pos aangestel waar hy sal help om gevalle te monitor waar mense sonder behoorlike regsprosesse tereggestel word.

Die Verenigde Nasies (VN) se raad op menseregte het Heyns, 'n kenner in die veld van menseregte, aangestel as spesiale rapporteur oor buitegeregtelike, arbitrêre en summiere teregstellings.

Deel van sy pligte sal wees om lande te besoek en feite in te samel waar mense sonder behoorlike regsprosesse of verhore tereggestel word of op die punt is om tereggestel te word sodat die VN kan ingryp, het prof. Frans Viljoen van die universiteit se sentrum vir menseregte gister gesê.

Heyns

Heyns word beskou as een van die voorste menseregtekenners wat al wyd gepubliseer het oor internasionale menseregtekwessies, veral in Afrika.

As rapporteur sal hy verslae opstel en aan die VN-raad voorlê en betrokke wees by die samestelling van dokumentasie vir dringende appêlle teen sulke vonnisse.

Dit is 'n deeltydse pos met geen vergoeding nie en daar sal van hom verwag word om ten volle onpartydig te wees in die uitvoer van sy pligte.

– Antoinette Pienaar

Versmoor, gewurg, gesteek